FUB-0003-0004-024

Fuba


**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0299 | 870209040 | | |

**Die Vaderland** Jg. 71 Nr. P. 10 Dat. 1987. 2. -9.


# Uitstalling: kulture kom saam

10 bl.

DIE reaksie op Sterns-diamante se Delfin/Fuba Creative Quest wat Sondag in die Fuba-kunsgalery in Johannesburg geopen het, was oorweldigend.

Die beoordelaars is van mening dat die standaard van die werk uitsonderlik is.

Niks minder nie as 151 kunswerke is van oor die hele land ontvang. Opwindende potensiaal in onbekende kunstenaars het na vore gekom. Die werke is uiteenlopend in konsep en die uitvoering daarvan. Dit verteenwoordig verskeie kulture in kuns wat saamgekom het om hierdie unieke uitstalling, wat tot 8 Maart duur, daar te stel.

Die Sterns-diamantmaatskappy is verheug oor die resultate van sy eerste stap om die kunste te borg.

Die beoordelaars vir die uitstalling was Paul Stopforth (Wits -Skone Kunste), Bill Ainslie (Johannesburgse Kunsstigting), Steven Sack (Fundakunssentrum), David Koloane (Kurator-Fuba-galery), Samantha James (Kunsresensent - (The Star), John Dewar (resensent/kunstenaar) en Bongi Dlomo (kunstenaar).

Twee beurse om 'n jaar lank aan die Fuba-kunsskool te studeer, is toegeken aan Lovemore Sibanda van Soweto en Mxousi Elias Maneli van Kwa-Zuma.

Sewe meriete-toekennings —naamlik Delfin-horlosies, — is gedoen aan Fanie Matjia, Sybille Nagel, Vusi Irvine Zwanie, Peter Mafa, Alfred Vusi Mokoena, Nirupa Sing en Mboya Moshidi.

**TREFWOORDE**

1 Kompetisies+ toekennings

2

3

4

FUBA


**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**



| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0035 | 871120133 | | |

**Beeld** Jg. 12 Nr. P. 2 Dat. 1987. 12. -1.


Beeldende kuns

# Wat is demokrasie in die kuns?

2 Bl. Kalender

DIE jaarlikse studente-tentoonstelling van Fuba is Sondag, 15 November geopen deur die agbare Edward J Perkins, Amerikaanse ambassadeur in Suid-Afrika. In 'n bondige toespraak het hy Fuba (The Federated Union of Black Artists) se onafhanklike uitlewing in die kunste geskets en die Amerikaanse regering se standpunt oor staatsbetrokkenheid by die kunste gestel.

'n Interessante feit wat in sy toespraak aan die lig gekom het, is dat Amerika geen ministerie vir kultuur het nie. Dit is so omdat die Amerikaners vrees dat regeringsteun 'n amptelike reggelowigheid kan ontketen waarin amptenare gaan besluit oor wat kuns is of hoe "goeie" kuns daar behoort uit te sien. Hiervan is daar genoeg bewyse in die lande waar "peoples' art" moet domineer.

Sulke opvattings is vreemd aan die Amerikaanse stelsel, wat steun op die maksimum vryheid vir kunstenaars om uiting aan hul verbeelding en vaardigheid te gee. Verder het hy dit benadruk dat kuns, as 'n uitdrukkingsvorm, as 'n kommunikasiemiddel dieselfde gewaarborgde vryheid as enige ander medium moet geniet.

Mr Perkins het afgesluit met Franklin Delano Roosevelt se opdrag toe hy gevra is om een van Amerika se groot museums in te wy: "Die kuns kan nie gedy nie behalwe waar mense vry is om hulself te wees en in beheer is van hul eie energie en ywer. Die voorwaardes vir demokrasie en kuns is dieselfde. Wat ons politieke vryheid noem, spruit uit die onbelemmerdheid van die kunste."

Oor die honderd kunswerke in verskillende media word tot 12 Desember in die Fuba-kunssaal (☎ (011) 834-7125) ten toon gestel.

— Elza Miles

**TREFWOORDE**

1

2

3

4

5

6

7